

Dinsdag 15

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 1:1-8 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 1:7

**Peninna – naywer en jaloesie vernietig mense se lewe**

**E**lkana het twee vroue gehad, Hanna en Peninna. Hanna was kinderloos, daarom het hy ook met Peninna getrou en kinders by haar gehad. Ten spyte daarvan dat hierdie gesin in die rigtertydperk leef, waar mense meesal gedoen het wat reg was in hulle eie oë, het hulle nog getrou na Silo gegaan om die Here te aanbid en offers te bring. Dit blyk egter dat Peninna die Here nie so getrou gedien het nie, want sy het Hanna gespot en oor haar kinderloosheid verneder.

Om kinderloos te wees, was destyds 'n groot beproewing. Dit blyk dat Peninna jaloers en naywerig was op Hanna, want sy het elke jaar die geleentheid gebruik om Hanna te spot en te verneder. Om kinders te kon hê, is tog 'n bewys van God se guns in 'n mens se lewe. Tog was Peninna jaloers op Hanna, omdat Elkana haar meer liefgehad het (vs 5).

Naywer en jaloesie laat 'n mens lelike dinge doen, en kan jouself en ander mense se lewe vernietig. Spreuke 27:4 sê: *“Teen jaloesie is niemand opgewasse nie.”* Peninna se optrede het gemaak dat Hanna gehuil het en nie wou eet nie. Sy het die lewe vir haar bitter en onaangenaam gemaak.

Jaloesie en naywer is nie maar 'n karaktereienskap waarmee 'n mens gebore word en waaraan niks gedoen kan word nie. Nee, naywer en jaloesie is sonde. Paulus waarsku in Galasiërs 5:19-21 dat een wat naywerig is nie die koninkryk van God as erfenis sal verkry nie.

As hierdie sonde van jaloesie en naywer in jou lewe voorkom, moet jy daarmee by Jesus Christus uitkom en Hom in gebed om vergifnis smee. Dan moet jy so uit sy vergifnis leef dat jy die sonde afsterf met die krag wat die Heilige Gees jou gee. Anders gaan dit jou en ander mense se lewe vernietig.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3**Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)*